



Afrikaans 2 (Eerste Addisionele Taal) – Graad 4

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (sien voorbeeld 1 hieronder). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (sien voorbeeld 2 hieronder).

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	c	d
----	---	---	--------------	---

Voorbeeld 2:-

4.	a	b	c	d
----	---	--------------	--------------	---

Lees die teks 'Wolf leer vlieg' en kies telkens die korrekte antwoord vir vrae 1 – 16.

- Wolf wil vlieg omdat hy beter wil waar om kos te kry.**
(a) hoor (b) sien (c) proe (d) voel
- 'n Dooie dier is 'n dier wat nie meer nie. (Kies die korrekte spelling.)**
(a) lewe (b) lywe (c) liewe (d) leiwe
- Die teenoorgestelde betekenis (antoniem) van die woord 'moelik' is**
(a) hoog. (b) kaal. (c) vinnig. (d) maklik.
- 'n Mens huil, maar 'n dier**
(a) praat. (b) skree. (c) tjank. (d) lag.
- Die intensiewe vorm van die woord 'hoog' is**
(a) hemelhoog. (b) wolkhoog.
(c) boomhoog. (d) doodhoog.
- 'n Sinoniem (woord met dieselfde betekenis) vir 'vinnig' is**
(a) naby. (b) ver. (c) gou. (d) stadig.
- Wie kry al die kos?**
(a) Wolf (b) Aasvoël (c) Pieter Grobbelaar (d) Sprokies
- Een woord wat vir ons sê dat 'Aasvoël se vlerke sterk is', is**
(a) kragtige. (b) soebat. (c) spreit. (d) spartel.
- Baie bosse, maar een**
(a) bouse. (b) boss. (c) bos. (d) boos.
- Het Aasvoël vir Wolf gehelp?**
(a) Ja, Aasvoël het vir Wolf gewys hoe hy vlieg.
(b) Ja, Aasvoël het vir Wolf kos gegee.
(c) Nee, Aasvoël het vir Wolf laat val.
(d) Nee, Aasvoël het vir Wolf tong uitgesteek.
- Wolf skree: "Eina!" want hy koud.**
(a) skaam. (b) seer. (c) warm. (d) koud.
- Die korrekte verkleinwoord van die woord 'voël' is**
(a) voëljie. (b) voëldjie. (c) voëletjie. (d) voëltjie.
- Kies die korrekte negatiewe vorm vir die volgende sin: 'Die wolf kan vlieg.'**
(a) Die wolf nie kan vlieg nie. (b) Die wolf kan vlieg nie.
(c) Die wolf kan nie vlieg nie. (d) Die wolf nie kan vlieg.



WOLF LEER VLIEG

Wolf is moedeloos honger. Elke keer as hy by 'n dooie dier kom, het Aasvoël lankal die lekkerste vleis afgeëet sodat net die kaal bene vir hom oorbly.

"Ai, Aasvoël," kla Wolf. "Kan jy dan nie vir my sê hoe jy so gou weet as daar iets te ete is nie?"

"Dis maklik", antwoord Aasvoël. "Ek vlieg hoog in die lug en kyk ver oor die aarde uit. Jy kan net tot by die bossies hier voor jou neus sien."

"Leer my dan ook vlieg," soebat Wolf.

"Goed," sê Aasvoël. "Kom klim op my rug, dan kyk jy moer watter ek doen."

Aasvoël spreit sy kragtige vlerke (wings), en Wolf moet net vasklou.



"Sien jy, Wolf?" roep Aasvoël toe hulle hoog oor 'n lap doringbosse sweef. "Dis maklik. Spring nou af en klap met jou bene soos ek met my vlerke."

Wolf duik deur die lug, maar hoe hy ook al skop en spartel, hy val soos 'n klip, reg in die doringbosse.

"Eina!" tjank Wolf terwyl hy tussen die klouende takke uitsukkel.

"Laat dit vir jou 'n les wees!" roep Aasvoël van bo af. "'n Dier is gemaak om te loop, en 'n voël om te vlieg. En as diere probeer vlieg, kom daar moeilikheid."

Die mooiste Afrikaans sprokies - Pieter W. Grobbelaar

- Kies die sin wat korrek met die voegwoord 'maar' verbind is.**

- Wolf probeer vlieg, maar val hy uit die lug.
- Wolf probeer vlieg, maar hy uit die lug val.
- Wolf probeer vlieg, maar hy uit val die lug.
- Wolf probeer vlieg, maar hy val uit die lug uit.

- Watter stelling is nie waar nie?**

- Aasvoël kan vlieg.
- Wolf kan nie vlieg nie.
- Aasvoël sien die kos altyd eerste raak.
- Wolf leer vinnig hoe om te vlieg.



- Die les van die storie is:**

- Jy moet tevrede wees met wat jy het.
- Jy moet hard probeer.
- Jy moet ongelukkig wees met wat jy het.
- Jy moet leer vlieg.

